
# DIE BUITER HOU WAG



Gerrie Radlof

# DIE BUITER HOU WAG

*deur*

**GERRIE RADLOF**

*Uitgegee deur*:

SKATKIS BOEKE - UITGEWERS

Strand Mews Strand

2021

## Die Buiter Reeks Verhale

Die voorbladskets is ŉ nuwe ontwerpte voorblad, spesiaal geskep om by die Buiter reeks se tema te pas.
Hierdie boek is die eerste uitgawe in e-boek formaat.

Kopiereg op hierdie verhaal is voorbehou en dit mag nie in die geheel of gedeeltelik herdruk word of versprei word sonder die nodige skriftelike toestemming van die uitgewer nie. Herdruk sluit in geen vorm van elektroniese of meganiese vorm, bv. deur middel van e-boeke, fotokopiëring, skryf, bandopname of deur enige ander manier vir inligtingsbewaring of ontsluiting. Al die karakters en gebeure in hierdie verhaal is denkbeeldig en het geen betrekking op enige persone, lewendig of dood nie.

DIE BUITER HOU WAG
deur Gerrie Radlof

ISBN 978-1-928498-78-0

Uitgegee deur:
Skatkis Boeke - Uitgewers, Strand Mews, Strand 7140
Suid-Afrika

Kopiereg @ Pieter Haasbroek (2021)
Boek geredigeer deur Pieter Haasbroek
Aanlyn winkel: https://panther-ebooks.com
Webwerf: https://www.softcoverbooks.co.za

## OPSOMMING

Lees gerus die opwindende verhale van 'n man wat 'n merkwaardige dubbele lewe gelei het. Hy word die Buiter genoem. Mense sien hom as die rykste edelman aan die Kaap, die oënskynlik ledige en verveelde graaf Jean De Moreaux. Daar is ook die mooi Rossouw-susters, Jacques, Pierre, Phillip en sy getroue staatmaker, Andre. Hierdie paar getroue vriende wat sy identiteit ken en hom nooit sal verraai nie, ken hom as 'n onverskrokke waaghals wat 'n onuitblusbare regverdigheidsin het. Die publiek sien die geheimsinnige Buiter as 'n hoflike, adellike en kleurryke nagtelike ruiter. Hy is galant en word gevrees deur skurke. Tussen die hoë adellike kringe word hy hoog geag weens sy geld en status.

In die nagtelike ure kom die Buiter uit die skaduwees. Dan het hy 'n swart gewaad en masker oor sy gesig. Op die rug van 'n swart trippelende hings is hy gewapen met 'n swaard in sy hand, 'n vlymskerp rapier in die skede van sy saalsak en met sy twee pistole gereed in sy lyfband, is hy reg om enige gevaar aan te durf. As jy mooi kyk sal jy teen die hange van Leeuwberg 'n perd rats tussen bosse en struike deur sien vleg en soms meer as een, as die Buiter en sy bende uit is op jag. Hulle word nie gehoor nie en laat hulle ook nie keer nie. Die Buiter is sonder uitsondering op die toneel wanneer onreg gepleeg word en geen booswig ontsnap aan sy waaghalsige metodes van vergelding nie. Soos 'n moderne Robin Hood beroof hy die oorryk, ydele hoëlui om aan die armes uit te deel of hulle bende gaan herstel onregte wat gepleeg is teenoor minderbevoorregtes.

Dit is die era waar die klap van flitsende swaarde, pistoolskote en die donderende hoewe van talle perde in die nag gereeld gehoor kan word. Waar die gemeenheid en woordelose wreedheid van skurke met hul pofmoue en fluweel kniebroeke gesien kan word. Dit is die tydperk waar die aristokrasie heers en doen net wat hulle wil, tog kom hulle uiterlik voor as galante, buigende here van die Kaap. Wie egter verdruk of veronreg word deur die aristokrasie, moet gehelp word, maak nie saak hoeveel slotte, soldate of klipmure daar in die Buiter se pad is nie. Saam met sy vriende sluip hulle gereeld diep in die nag deur donker gangetjies, uitoorlê en oorrompel saam wagte en stuur hulle selfs die

ewigheid in, as die noodlot dit so beslis. Hulle nagtelike ritte is altyd vol opwindende aksie, avontuur en vele gevare en nie lank nie dan spat die vonke behoorlik.
In hierdie agste Buiter verhaal reeks, word graaf Dunfolk, een van die magtigste manne in Engeland, spesiaal na die Kaap gestuur om die toestand hier te kom ondersoek. Baie gou kom hy agter dat die verset van die burgers nooit gedemp sal word, solank die Buiter met sy waaghalsige dade daar is om hulle te besiel en onregte te herstel nie. Mettertyd raak hy deeglik bewus daarvan dat die Buiter nog nooit ŉ saak gewonne gegee het nie en dat hy nog altyd die mense wat hy wou red, gered het. Hy het dit dus toe sy uitsluitlike taak gemaak om hierdie situasie te verander, deur die Buiter vir eens en vir altyd te vang en onskadelik te stel. Daarvoor dink hy toe ŉ sluwe plan uit. Graaf Dunfolk beslis dat nege burgers wat van hoogverraad aangekla is, nog dieselfde dag in die openbaar opgehang moet word. Hy weet baie goed dat die Buiter hulle sal wil red en hierdeur hoop hy om hom uit te lok, om helder oordag op te tree. Dit voorspel groot gevaar vir die geheimsinnige struikrower of te wel die Buiter, wat snags deur die donker Kaapse strate sluip en bedags die lewe van ŉ skatryk en ledige edelman lei. Die Buiter aarsel nie vir ŉ oomblik nie en gou is daar volop aksie en drama wat aaneenlopend plaasvind.

## UITTREKSEL

Oor die wit sand naby die waterkant, kan die geklap van die perdepote nie gehoor word nie. Ook is hul swart gestaltes onsigbaar teen die donker agtergrond van die see.

Maar hulle sien die ruiter duidelik toe hy in volle vaart nader jaag. ’n Oomblik later weerklink die geroep van ’n naguil en dan is Phillip by hulle.

“Hulle kom vinnig nader, m’sieur!” roep hy uit. “Hulle kom al met die strand langs.”

“Ons kon dit verwag het,” sê Jean. “Hulle aanval is natuurlik fyn beplan. Hulle sal op die poort afstorm nadat die twee wat die Kasteel binne gegaan het, genoeg tyd gehad het om die selle te bereik. Solank die geveg dan voor die Kasteel woed, ’n skyngeveg natuurlik, ontsnap die gevangenes oor die agterste muur.”

“Maar dan sal die twee voorgekeer word, Jean. Ons sal hulle eenvoudig moet bereik.” Jacques klink angstig. “En intussen trek die burgers los.” Hy lag. “’n Uur gelede het ons met ons hande gevou gesit en niks te doene gehad nie. En nou sal ons nie weet waar om eerste te begin nie!”

# INHOUD

## Hoofstukke

Hoofstuk 1........................................................................Bladsy 8

Hoofstuk 2........................................................................Bladsy 15

Hoofstuk 3........................................................................Bladsy 22

Hoofstuk 4........................................................................Bladsy 34

Hoofstuk 5........................................................................Bladsy 44

Hoofstuk 6........................................................................Bladsy 51

Hoofstuk 7........................................................................Bladsy 64

Hoofstuk 8........................................................................Bladsy 73

Hoofstuk 9........................................................................Bladsy 84

Hoofstuk 10......................................................................Bladsy 95

Hoofstuk 11......................................................................Bladsy 109

Hoofstuk 12......................................................................Bladsy 117

Hoofstuk 13......................................................................Bladsy 128

# DIE BUITER HOU WAG
## Hoofstuk 1

“Span my koets in.” Sir Jeffrey Hamilton, Hoofregter van die Kaap die Goeie Hoop, kyk net vlugtig op na die bediende wat binne gekom het, kort nadat hy die silwerklokkie op die lessenaar in sy groot studeerkamer gelui het. Onderwyl die bediende buig en vertrek om aan die Hoofregter se versoek te voldoen, flits sir Jeffrey se blik na die swart wysters van die staanhorlosie teen die muur. Dit is reeds half nege. Dit is dus nog nie te laat om ’n besoek aan die goewerneur te bring nie.
Onwillekeurig word sy oë terug getrek na die stukkie papier wat liggies tussen sy vingers bewe. Weer lees hy elke woord wat in groot en kinderlike drukskrif daarop geskryf is.

*Ons weet hoe belangrik die nietige saak, want jy gee glo alleen uitspraak.*
*Maar Francois is onskuldig en jou oordeel moet dit huldig of anders vriend, volg daar geweld en sterf ’n regter, ’n regeringsheld!*
*Die Buiter*

Belaglik! ’n Onsinnige rymelary en die gebabbel van ’n kind!
Maar tog staan Sir Jeffrey op. Senuweeagtig vryf hy sy hande inmekaar en stap ’n keer oor die sagte tapyt. Op pad terug na die lessenaar dwaal sy blik maar weer na die stukkie papier. Dit is asof hy sy oë nie daarvan kan wegskeur nie.
Die Buiter! ’n Geklike naam! Hy het al gehoor van die onbenullige Buiter-stories! Geen regdenkende mens sal enige waarde daaraan heg nie.
Waarom hy nou eintlik die goewerneur wil gaan spreek, weet hy nie. Hy behoort die briefie in die snippermandjie te smyt en dit te vergeet.
Wat hinder hom dan? Is dit vrees vir die dreigement in die rympie? Of is dit dalk die insig, die regte afleidings, die bondigheid en diepe betekenis van elke sin?
Sir Jeffrey is maar ’n paar maande gelede aangestel as Hoofregter van die Kaap. Tot nog toe was dit die eenvoudigste saak om die beleid van die goewerneur te aanvaar en in volkome samewerking met hom

uitspraak te gee volgens die wet, die voorskrifte van die Koloniale Sekretaris in Londen, die uitsluitlike mag van die Goewerneur in die Kolonie en af en toe volgens sir Jeffrey se eie oordeel. Nou skielik wil dit voorkom asof die saak nie meer heeltemal so eenvoudig is nie. Die beskuldigings teen die Swartlandse boer, Francois Venter, is wel nietig. Venter het ’n paar sakke koring aan die voorrade-offisier van ’n besoekende skip verkoop, ’n dag nadat die skip by Tafelbaai aangedoen het. Sekerlik niks om ’n bohaai oor op te skop nie. Maar Sy Eksellensie, die Goewerneur, het ’n jaar of wat gelede, nadat hy vir homself ’n paar groot graanplase in die Swartland aangeskaf het, ’n uitdruklike regulasie uitgevaardig. Geeneen van die burgers mag die offisiere van besoekende skepe nader om hul produkte van die hand te sit, voordat die skip eers ’n volle twee dae in die baai gelê het nie. Die goewerneur het verskeie redes vir die reël aangevoer, maar dit het min verbeelding geverg om te besef dat dit hom persoonlik in die geleentheid gestel het om sy eie produkte, eerste onder die aandag van die besoekende seevaarders te bring.

En dit word hier duidelik in die rympie uiteengesit. Dis ’n nietige saak wat egter besonder belangrik is, sover dit die sak van Sy Eksellensie betref.

En dan, in die tweede sin van die rympie word daar ewe doodluiters te kenne gegee aan die feit dat sir Jeffrey alleen uitspraak sal gee, ’n bewys is van die belangrikheid wat die goewerneur aan die saak heg. Verder is dit duidelik dat die skrywer daarvan bewus is dat die uitspraak vooraf ’n uitgemaakte saak is.

Daarna stel hierdie Buiter sy saak. Francois is onskuldig sonder twyfel... Beteken dit dat die Buiter nie met die regulasies van die goewerneur saamstem nie.

Hy versoek, nee, hy gebied sir Jeffrey om vir Venter vry te spreek of anders sterf die hoofregter ’n gewelddadige dood! En daardie laaste aanmerking, naamlik “regeringsheld”. Hoe onverbloemd spreek die Buiter sy opinie hiermee uit nie.

Die hoofregter is ’n pop van die goewerneur. Sy Eksellensie skryf vir hom voor watter uitsprake hy in die hof moet gee.

Die bloed stoot op in die skraal gelaat van die hoofregter. Die vleuels van sy arendsneus vlek oop van woede en sy spits kop bewe op sy

aasvoëlnek.
Sulke vermetelheid! Sulke dreigemente! As hierdie Buiter maar net aangekeer kan word, sal hy op grond van die betrokke geskrif ’n doodsvonnis kry.
Maar wie is die Buiter? Nog nooit het hy die onsin omtrent die geheimsinnige, byna legendariese struikrower geglo nie. En tog, is hierdie briefie konkrete bewys van sy bestaan? Of is dit die poging van ’n onnosel vriend van Francois Venter om hom, sir Jeffrey Hamilton, die skrik op die lyf te jaag?
Maar al is dit wie, hoe moet sir Jeffrey weet dat hulle die dreigement nie sal uitvoer nie? Reeds om baie ander redes heers daar groot ontevredenheid in die kolonie. Hy het al baie gerugte gehoor dat daar teen die bestuur en teen die persoonlike optrede van die goewerneur gemurmureer word. Hoe goed besef sir Jeffrey maar nie dat dit net ’n klein vonkie verg om ’n stapel droë hout te laat ontvlam nie. En die straf wat hy Francois Venter môre gaan oplê, mag die nodige vonkie wees vir die stompe van ontevredenheid wat maande lank reeds opstapel is.
Daar is ’n ligte, beleefde klop aan die deur. Sir Jeffrey raap die briefie van die lessenaar af op en stap haastig uit. Die bediende buig.
“Die koets is gereed, Sir Jeffrey.”
Die Hoofregter antwoord nie. In die groot sak van sy driekwart-satynbaadjie klem die vingers van sy regterhand om die stukkie perkament. Sy skerp oë staar onsiende voor hom en versonke in onstuimige gedagtes skud hy liggies in die goed geveerde voertuig, onderwyl dit langs die tuine en oor die plaveiklippe van Heerengracht aframmel, tot die klank hol in die Kasteelpoort opslaan en die koets voor die Kat tot stilstand kom.
Die deurportier buig laag. In alle vlakke van die samelewing heers daar ontsag, selfs vrees, vir die bedelaars van die gereg. Al is jou optrede teenoor enige van jou medemense ook hoe verkeerd, kan hulle jou steeds voor die dienaars van die gereg sleep. Dit sal jou lot beslis en daarom is dit raadsaam om diepe eerbied teenoor die beoordelaars te betoon, veral as dit die hoogste van hul almal is, soos sir Jeffrey Hamilton byvoorbeeld.
Sy Eksellensie ontspan in sy privaat sitkamer. Silwer teegerei werp verblindende miniatuur weerkaatsings van die groot kandelare in die

Hoofregter se oë.
“A, Sir Jeffrey!” roep die goewerneur opgewek uit. Die hoofregter maak ’n ligte buiginkie. Dan flits sy skerp blik na die jong man wat gemaklik tussen die sagte kussings van ’n rusbank terug leun.
“O, ja,” vervolg Sy Eksellensie dadelik. “Julle het mekaar nog nie ontmoet nie. Sir Jeffrey, dit is Dennis Atterbury van Londen. Hy kuier ’n rukkie by ons.”
Die jong man staan op. Sy bewegings is amper verveeld, maar tog kom hy verbasend vinnig orent. Sy houding is fier, maar ontspanne soos die van ’n hoë edelman. Dat hy in die beste kringe groot geword het en aan keurigste geselskap gewoond is, is nie te twyfel nie.
Sy blik is ontsettend reguit, amper voorbarig, maar die glimlag om sy vol lippe is verfynd, beleef en in ’n mate formeel.
“Aangename kennis.” Sy stem is diep en kalm.
Sir Jeffrey knik. Vir die eerste keer kom Sy Eksellensie agter dat die hoofregter gespanne is. Sy blik is effens berispend, asof hy die ander wil laat verstaan dat dit nie eintlik die manier is om vriende van die goewerneur te groet nie.
“Ek moet u dringend spreek, Eksellensie,” sê sir Jeffrey nieteenstaande en blykbaar onbewus van die ander se gevoellens.
“Dit is onverwags,” merk die goewerneur droog op. “Dennis was besig om my die jongste nuus uit Europa mee te deel.”
“Dit spyt my, Eksellensie,” hou sir Jeffrey vol. “Dit is iets wat ek dringend onder u aandag moet bring.”
Die goewerneur smoor ’n gaap, maar kyk verontskuldigend na die jong man.
“Natuurlik, Eksellensie.” Dennis Atterbury buig van sy heupe af. Onderlangs loer hy ’n keer na die hoofregter. “U sal my verskoon,” sê hy met ’n tikkie sarkasme onderwyl hy uitgaan.
“Wat is dit, Jeffrey?” verneem Sy Eksellensie ergerlik sodra hulle alleen is.
“Dit!” Met die enkele woord stop die hoofregter die Buiterbriefie in die goewerneur se hand. “Dit het vanaand op onverklaarbare wyse op my lessenaar te lande gekom.”
Die goewerneur antwoord nie. Hy begin dadelik lees. ’n Glimlag vorm om sy lippe, maar dan verstar sy blik skielik en half verward kyk hy op.

“Die Buiter!” roep hy uit. Die volgende oomblik verslap sy gelaatstrekke weer. Hy lag. “Steur jy jou werklik daaraan?” vra hy ongeërg. Hy gooi die papiertjie op die tafel voor hom neer. “Dit is heel waarskynlik ’n vriend van daardie vervlakste Venter wat jou probeer bang maak.”

“Dit kan wees, Eksellensie,” antwoord sir Jeffrey styf, want die goewerneur se onverskilligheid skok hom. “Aan die ander kant bestaan hierdie Buiter dalk wel en...”

“Hy het bestaan, Jeffrey,” val die goewerneur hom in die rede, onderwyl hy ’n tweede koppie tee vir homself inskink. “Tee?” verneem hy.

“Volgens wat ek gehoor het, het hy redelik doeltreffend opgetree in die verlede,” sê die hoofregter, en hy ignoreer die goewerneur se vraag. “Nêrens in die gerugte word gemeld dat die Buiter aan bande gelê is nie.”

“Jy wil my tog nie laat verstaan dat jy daardie stories glo nie!” Verbaas kyk die goewerneur op, maar dit is nog asof hy die hele aangeleentheid nie in ’n ernstige lig wil beskou nie. “Hy is bloot ’n struikrower, Jeffrey. ’n Vlugteling van die gereg. Daar was nie eintlik veel wet en orde voordat ek hierheen gekom het nie. Vandag sal sulke petaljes nie herhaal kan word nie.”

“Die feit bly staan, Eksellensie,” en sir Jeffrey doen moeite om sy selfbeheer te behou, “dat die burgers ontevrede is. Talle klagtes is reeds ingedien. Dit is...”

“Dit is onwaarskynlik dat iemand so dwaas sal wees om sy lewe in die weegskaal te plaas en dit vir ’n paar sak koring!”

“’n Vuurslag moet getrek word om ’n hooimied aan die brand te steek, Eksellensie.”

“Maar vir so ’n belaglike voorval!?”

“In hul beskouing is dit nie.”

Die goewerneur kom orent. Sy glimlag het nou verdwyn. Hy staar die ander met ’n effense grynslag aan.

“Beskou jy dit as onregverdig dat ek die voorreg het om eerste met besoekende skepe handel te dryf? Ek, die man wat die verantwoordelikheid dra vir die welvaart van die hele kolonie! Het ek dus nie die reg om die rypste vrugte eerste te pluk nie?”

“Ek het dit nie gesê nie, Eksellensie.” Sir Jeffrey laat hom nie maklik afskrik nie. “Dit is ook nie ter sprake nie. Op die oomblik is dit die beskouing van die boeregemeenskap wat tel. En soos ek verstaan, het hierdie Buiter hom telkemale al aan hul kant geskaar en as hul kampvegter opgetree. Hy het...”

“Sommer net ouvrou stories!” Met ’n ongeduldige gebaar gryp die goewerneur die briefie van die tafel af op. Hy skeur dit aan fyn repies en gooi dit in die kaggel. Sir Jeffrey se oë volg die dwarrelende stukkies tot die laaste een op die gloeiende kole tot rus kom en ’n oomblik later opkrul en vlam vat.

Dan lag die goewerneur. Hy tree nader en klop die hoofregter op sy skouer.

“Daar sal ’n honderd man van die garnisoen by die hofsitting aanwesig wees,” beloof hy. “Van vroeg af sal die gebou bewaak word. Jy kan dus uitspraak gee met ’n geruste gemoed. Daarna, sodra ons vriendjies van die platteland hul les geleer het en tot bedaring gekom het, sal jy dag en nag ’n persoonlike lyfwag hê.”

Sir Jeffrey is steeds glad nie tevrede hiermee nie. Die goewerneur het reeds sy rug op hom gekeer en sy koppie tee opgetel. Wat hom betref, is die saak afgehandel.

Die hoofregter bal sy vuiste. Die ander man se houding kom vir hom heeltemal onredelik voor. Dit is nie sy lewe wat in gevaar verkeer nie. Hy bied bloot die beskerming van die troepe aan asof hy ’n seun sy sin gee.

“Eksellensie,” sê sir Jeffrey afgemete, “u dink nie dat ons Venter maar liewer met ’n ligte waarskuwing moet laat wegkom nie?”

Soos blits swaai die goewerneur om. Hy kyk die ander aan asof hy so pas hoogverraad gepleeg het.

“En sulke vermetelheid laat seëvier!” bulder hy. “Dit was doelbewuste uittarting, Jeffrey. Verstaan jy dit? Francois Venter moet ’n les geleer word. Hy en sy hele boel gegriefdes!”

“Eksellensie...”

“Jy ontstel jou verniet, Jeffrey.” Die goewerneur se bui het weer bedaar, so vinnig soos dit ontsteek het. “Betaam dit ons waardigheid om te swig voor so ’n, so ’n belaglike dreigement? Ons sal niemand weer in die oë kan kyk nie.” Hy wuif na die as in die herd. “Vergeet dit alles nou en

meld dit vir niemand nie en môre voer jy jou plig uit. Ek kan jou verseker dat nie eens die parmantigste grapmaker met sulke nuttelose dreigbriefies sal voortgaan nie. Hulle sal te bang wees ons moet hulle net wys dat ons nie vir koue pampoene skrik nie.” Weer glimlag hy en klop die hofregter gemoedelik op sy skouer. “Gaan slaap gerus, Jeffrey. Ek sal moontlik môre persoonlik by die hof opdaag.”

Die hoofregter buig formeel en wens die ander ’n goeie nagrus toe.

Buite in die gang stamp hy byna teen die jong Dennis Atterbury vas. Vlugtig knik hy en druk verby, want hy voel nie lus vir geselskap nie.

“Sir Jeffrey.” Die kalm stem dwing die hoofregter om te aarsel en dan om te kyk. “Iets het u ontstel,” vervolg Atterbury sondermeer. “Dit is nie dalk moontlik dat ek u tot diens kan wees nie?”

Net vir ’n oomblik wil die regter die jong man versoek om sy gang te gaan en hom nie nog ook te staan en lastig val nie. Maar daar is iets in sy bedaardheid, sy reguit blik en die onomwonde manier waarop Atterbury die aanbod doen, wat sir Jeffrey sy humeur laat beteuel.

“Jy is skerpsinnig, meneer Atterbury,” sê hy amper geselsend, asof die ander se blote teenwoordigheid ’n gerusstellende uitwerking op hom het. ’n Beeld van die donker nag daar buite en ’n swart gestalte wat daar iewers op hom wag, flits vinnig deur die hoofregter se geestesoog. Die geselskap van hierdie jong man, wat so selfversekerd en op sy gemak lyk, asof hy omstandighede van watter aard ook al met kalme doeltreffendheid die hoof sal kan bied, word meteens vir sir Jeffrey ’n aangename vooruitsig.

“Daar het wel iets gebeur wat my onrustig stem,” begin hy versigtig. Asof hy op ’n skielike ingewing handel, vervolg hy. “Jy is natuurlik vreemd aan die Kaap, meneer Atterbury. Waarom vergesel jy my nie na my huis toe nie? Dit is nog nie laat nie en oor ’n drankie kan ons ’n rukkie lank gesels. My koets sal jou weer na jou tuiste terug bring.”

“Aangenaam, sir Jeffrey. Ek het ’n kamer in die Kasteel en ek is ’n persoonlike gas van Sy Eksellensie.”

## Hoofstuk 2

Die deurportier buig laag. Die lakei spring van die kis af en laat sak die leertjie sodat die twee here kan inklim.

“Jou besoek aan ons is nie eintlik op die rustigste tyd nie, meneer Atterbury,” merk die hoofregter op. Sy skerp gelaatstrekke is vir ’n oomblik verlig deur die bleek strale van ’n lamp langs die parade.

“Dit wil my so voorkom, sir Jeffrey,” antwoord Atterbury geselsend. “Dit is jammer,” voeg hy by. “Ek kon dalk besluit het om my hier te vestig, maar,” vervolg hy haastig asof hy die ander nie tot ’n gesprek oor sy persoonlike doen en late wil uitlok nie. “Die moeilikhede waarmee julle te kampe het, ontstaan blykbaar almal by die burger gemeenskap.”

“Ja.” Sir Jeffrey sug. “Hulle ontevredenheid is gemik teen die uitsluitlike mag van die goewerneur.”

“Maar wanneer het hulle beter voorregte gehad as juis nou?”

“Dit is nie sodanig dit nie.” Die hoofregter skud sy kop. “Die mens is eenvoudig net nie tevrede met wat hy het nie. Die gesanik gaan nou om verteenwoordiging in die bestuur van die kolonie. Dit is heeltemal onprakties. Die bevolking is te dun versprei en die bestuur middele is te swak. Daar is ook te min opgevoede manne in die boeregemeenskap. Jy sal dus self verstaan dat dit chaos sal veroorsaak om hulle ’n aandeel in die bestuur te gee. Vergaderings sal maande voor die tyd gereël moet word. Dringende of belangrike besluite kan vir weke lank vertraag word voor al die verteenwoordigers bymekaar gemaak is. En selfs dan sal dit ’n onbegonne taak wees om sommige van die hardkoppige burgers rede te laat insien.”

“Maar wat van plaaslike bestuur? Al word hulle nie verteenwoordiging in die sentrale regering gegee nie, is daar tog seker sakies van plaaslike aard wat hulle maar self kan oplos.”

“’n Poging in daardie rigting is al aangewend, meneer Atterbury,” verseker die hoofregter hom. “Dit het egter nie geslaag nie. Die landdroste en heemrade is afgeskaf en vervang deur resident-magistrate wat natuurlik deur Sy Eksellensie benoem word. Dit is nou moontlik om beslis en snel op te tree, want die resident-magistrate is persoonlik aan Sy Eksellensie verantwoordelik.”

“En die burgers voel nou dat hulle sekere regte ontneem is?”
“Ja. Die gevoel is aangeskerp deur die afskaffing van die Burger-senaat hier in die Kaap.”
“Wel,” merk Atterbury bedaard op, “dan kan ek hul ontevredenheid volkome begryp.”
“Jy bedoel dat jy regverdiging daarvoor vind?” vra die hoofregter verbaas.
“Geensins. Ek sê bloot net dat ek hul gemoedstoestand verstaan.”
“Jy bedoel dat jy in staat is om jou in hulle omstandighede in te dink?”
“Is dit so moeilik?” wil Atterbury weet. “Volgens jou bewering, sir Jeffrey, is hulle maar ’n taamlik onopgevoede klomp.” Hy kyk by die venstertjie uit. Hy vul sy longe met die vars reuk van die honderde blomme, struike en bome in die Kompanjie tuin. “En nou,” hervat hy, “verset die burgers hulle weens die kwessie van die paar sak graan waarvan ek reeds soveel gehoor het?”
“Ja.” Sir Jeffrey is meteens weer omgekrap. “Die vervlakste “Commercial Advertiser” hits die burgers verder aan. Dit is daarom dat hulle so parmantig word en daarom ook is dit noodsaaklik dat die Swartlandse boer ’n swaar straf opgelê moet word.”
“Wat beoog jy, sir Jeffrey?” Die sarkasme is so fyn dat die hoofregter dit nie eens agterkom nie. Hy sien ook nie die effense buiging van Atterbury se mondhoeke in die donkerte nie. Hy is dus nie daarvan bewus dat die ander terdeë besef hoe die Hooggeregshof misbruik word vir die politieke doeleindes van die goewerneur nie.
“Minstens ’n paar jaar tronkstraf,” antwoord sir Jeffrey.
“’n Bietjie buite verhouding met die oortreding, sou ek meen.”
“Dit is noodsaaklik, meneer Atterbury. Alle seksies van die gemeenskap is daarvan bewus dat die beleid van Sy Eksellensie deur my uitspraak neergelê sal word. Ons moet streng wees. Sodra die burgers sien dat ons onseker is, dat die goewerneur in sy optrede wankel, sal hul eenvoudig met onmoontlike eise te voorskyn kom. Die verset moet vir eens en altyd uitgeroei word.”
“Maar sal die burgers sodanig tevrede wees met die betrokke uitspraak, sir Jeffrey?”
“Miskien nie,” begin die hoofregter skerp. Maar dan sug hy en vervolg met ’n half moedelose gebaar. “Ek het reeds ’n dreigbrief van, van een

van hulle gehad. Dit was die rede van my besoek aan Sy Eksellensie."
"In watter opsig bedreig hulle jou, as ek mag vra?"
"My lewe indien ek Francois Venter nie vryspreek nie."
"En wat sê Sy Eksellensie daarvan?"
"Hy sal die hof laat bewaak en ek sal 'n persoonlike lyfwag daarna hê totdat die ergste ontevredenheid oorgewaai het."
"Maar dan is jy tog heeltemal veilig, sir Jeffrey," meen Atterbury.
Sir Jeffrey antwoord nie. 'n Koets het voor die breë stoep van sy gerieflike woning agter die Tuine tot stilstand gekom. Die hoofregter nooi sy gas na binne en in stilte bereik hulle die studeerkamer.
"Die Kaap is vol boere wat van heinde en ver gekom het om die saak by te woon," sê hy ernstig, onderwyl hy na 'n kas in die hoek stap. Hy lui nie vir 'n bediende nie en vir Atterbury is dit duidelik dat die regter hul gesprek nie wil laat onderbreek nie.
"Hulle mag opstandig wees," vervolg sir Jeffrey. "Moontlik verset hulle hul met geweld. Bloed mag loop en..."
"Nie indien Francois Venter vrygespreek word nie."
Dit is 'n diep, welluidende stem, effens heserig maar aangenaam. Dit kom van die oorkant van die vertrek af waar swaar gordyne langs die hoë venster hang.
Die studeerkamer word deur 'n enkele lamp aan die plafon verlig. Dit het gebrand toe hulle binne gekom het en die sagte gloed wat dit oor die duur meubels, die dik tapyte en die kleurvolle muurbehangsels werp, veroorsaak 'n aangename skemering in die groot kamer.
Die swart gestalte langs die gordyn is selfs nou skaars sigbaar. Atterbury besef dat hulle die man nie eens sou opgemerk het tensy hy gepraat het nie, maar aan die beweging van die gordyn is dit duidelik dat hy daaragter geskuil het toe hulle binne gekom het. En dan sien hy die flits van die lamp se lig op staal en kan hy uitmaak dat die vreemdeling 'n rapier liggies in sy regterhand rond swaai.
Nou ook word die indringer se kleredrag vir hul sigbaar. 'n Noupassende, swart fluweel hemp bedek sy breë skouers en die lang moue bult oor sy spiere. 'n Swart broek volg die lyne van sy nou heupe en sterk kuite en 'n swart masker strek oor sy oë en neus.
Doodluiters tree die gemaskerde gestalte van die muur af weg. Asof hy hier tuis hoort, leun hy liggies met sy linkerheup teen die lessenaar se

blad. Net die staal van die rapier en die glans van sy oë agter die skrefies in die masker, is ligpunte op die donker figuur.
Na ’n oomblik van verslae stilte swaai sir Jeffrey om, maar dit is asof sy ledemate traag is om te beweeg. Hy laat vaar die gedagte om die klokkie te lui en sy bediendes te ontbied. Te helder is die besef dat die man hier voor hom die skrywer van die dreigbriefie is. Die Buiter asook Atterbury roer nie een nie. Dit is amper asof hy die verskynsel met intense belangstelling gadeslaan.
“Julle moet my verskoon,” sê die Buiter bedaard, “indien ek julle laat skrik het. Ongelukkig kon ek nie anders as om jul gesprek te hoor nie. Ek het net gevoel dat ek sir Jeffrey met ’n woordjie van raad wou bystaan.”
“Wie is jy?” Die hoofregter se lippe het meteens droog geword. “Wat soek jy hier!”
“Hulle noem my die Buiter, sir Jeffrey.” Skaars opmerkbaar maak die iets oor die ses voet lange gestalte ’n skouerophaling. “Maar jy weet dit en jy weet ook waarom ek hier is.”
“Dit geld miskien net vir sir Jeffrey.” Dennis Atterbury staan ewe op sy gemak. Sy reguit blik soek na die oë van die Buiter agter sy masker. Hy praat kalm en bedaard soos gewoonlik en sir Jeffrey ondervind ’n onwillekeurige gevoel van bewondering vir die senuwees van staal van die jong man. Sy afleidings was reg. Atterbury laat hom nie maklik die skrik op die lyf jaag nie. “Sir Jeffrey ken jou miskien, maar ek het nog nie die eer gehad om jou te ontmoet nie.”
“Die eer is oorbodig,” kom die antwoord koel. “Ek het net te doen met die hoofregter.”
Atterbury haal sy skouers op. Met ’n ligte gebaar van sy hande wil hy te kenne gee dat dit dan tot daarnatoe is. Hulle moet maar gesels.
Maar toe die gebaar blitsvinnig oorslaan na ’n poging om ’n pistool onder sy baadjie uit te pluk, verstyf sy hele liggaam meteens. Die Buiter het die beweging raakgesien. Skaars rus Atterbury se vingers op die pistoolkolf of hy staar in die loop van ’n wapen wat roerloos op hom gerig is. Met ’n skewe glimlaggie laat hy sy arm sak. Hy skryf dit daaraan toe dat die swart mondering van die Buiter dit vir hom moeilik maak om die man se bewegings te sien, want hy het die Buiter se hande nie eens sien roer, voordat hy die pistool uit sy lyfband gepluk en op

hom gerig het nie.
“Dit sal beter wees as jy plaasneem, vriend,” sê die Buiter ewe vriendelik. “Laat jou arms oor die leunings van die stoel rus.”
Atterbury gehoorsaam. Hy kyk half verontskuldigend na die hoofregter, maar sy hele houding dui aan dat die saak hom nie veel kan aangaan nie.
Sir Jeffrey is verstom oor die jong man se gebrek aan vrees. Hy self voel ’n onaangename beklemming om sy maag.
“Het jy my briefie gekry, sir Jeffrey?” verneem die Buiter gemoedelik.
Die Regter knik net instemmend. Hy probeer nie eers antwoord nie.
“En dadelik het jy toe ’n besoek aan Sy Eksellensie gaan afgelê,” vervolg die swartgeklede gestalte. “Blykbaar met sukses...” Hy het die pistool in sy lyfband terug gesteek. Hy speel met die vlymskerp rapier in sy hand. “Ek het so iets verwag en daarom is ek hier. Ek het gemeen dat jy miskien my versoek sou ignoreer. Dalk het jy gedink die Buiter is ’n legende en dat sy dreigemente ydel is. Dit is nie die geval nie, sir Jeffrey.” Die diep stem is berispend asof hy ’n seuntjie betig. “Die Buiter bestaan wel. Ek het hierheen gekom sodat jy dit self kan sien. Môre sal jy vir Francois Venter vryspreek.”
“Maar... maar...” Die woorde is maar ’n hees gekrap in die hoofregter se keel. “Sy Eksellensie mag ontevrede wees?”
Die lippe onder die masker glimlag. “Hy is maar een, sir Jeffrey. Dit is beter om jou sy wrok op die hals te haal as die van die hele gemeenskap. Doen jou plig,” beveel hy stilweg aan, “en niks sal met jou gebeur nie.”
So kalm, amper soetsappig soos die laaste woorde is, so vol waarskuwing is dit ook.
“En nou moet ek gaan.” Hy wag nie vir ’n opmerking van enige van die twee here nie. “Dit was aangenaam om persoonlik met jou te kom gesels het, sir Jeffrey. Jy kom my voor as ’n besonder intelligente man.” Stadig het hy agteruit begin stap na die venster se kant toe. Die raam is opgeskuif.
Atterbury wonder vir ’n oomblik of die man dan nie bang is dat hy van buite af deur een van die bediendes, miskien van die stalknegte, gesien sal word nie. Maar op sy gemak swaai die Buiter sy een lang been oor die vensterbank. Weer glimlag hy.
“Dit hang van jou gedrag af, sir Jeffrey, of ek jou binnekort weer sal

sien of nie. Goeienag!”
En waar die donker figuur ’n oomblik gelede nog dof verlig was, is daar meteens net die swart reghoek van die duisternis daarbuite, in die kosyn van die venster afgeteken.
Rats spring Dennis Atterbury uit sy stoel op. Met ’n paar geluidlose tree het hy die vensterbank bereik. Sonder vrees leun hy na buite, maar nêrens gewaar hy die minste beweging nie, nie eens ’n donker skaduwee wat miskien die Buiter kan wees nie. Hy ontspan, draai om en kyk die hoofregter op sy reguit manier aan.
“Wie is die Buiter?” vra hy skerp en eenvoudig.
Sir Jeffrey ontwaak uit ’n nare droom. Hy strompel na die stoel agter die lessenaar en sak daarin neer. Hy veeg met die kantbedekte gewrig oor sy voorhoof.
“’n Struikrower,” kry hy dit uit. “’n Klompie jare gelede het hy na hartelus in die omgewing van die Kaap geroof en geplunder. Die gerug bestaan dat hy gedood is, maar nêrens, selfs in die amptelike lêers in die Kasteel, bestaan daar besonderhede omtrent sy einde nie. Kort-kort verskyn hy blykbaar weer as kampvegter vir die burgergemeenskap. Hy het gou ’n legende geword. Of dit dieselfde man is wat keer op keer sy neus in amptelike sake steek en of dit miskien nie meer die oorspronklike rower is nie, weet niemand verseker nie.”
“Maar waarom noem julle ’n struikrower ’n legende en ’n kampvegter?”
“Daar is mense wat meen dat hy van die rykes gesteel het om aan die armes te gee. Jy weet hoe dit gaan, meneer Atterbury.” Die hoofregter sug. Hy leun met sy gesig in sy hande. “Die feit bly staan dat hy kom en gaan soos hy wil. Die neiging by die owerheid is om die stories te verontagsaam, totdat hulle blykbaar agtergekom het dat die skurk wel in lewende lywe bestaan.
“En wat van môre, sir Jeffrey?” vra Atterbury prontuit.
“Môre?”
Dit is asof die jong man se vraag die hoofregter tot die werklikheid terugroep. “Wat van vanaand?”
Hy hoofregter spring orent. Sy hand skiet na die silwerklokkie. “Wat doen ons?” verwyt hy homself. “Ons sit hier en slaap. Ons...”
Hy hou skielik op met praat. Atterbury se vingers sluit om sy gewrig in